Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

19 JANUARIE 2020

# GEMEENTEBULLETIN

EPIFANIE

(Fees van die lig)

OGGENDDIENSTE

Wanneer die lig kom.

(Matt. 3:13-17)

DEUROFFER

Stellenberg-medewerkers.

Medewerkers verwys na sendelinge wat op verskeie ander plekke in die land en wêreld werksaam is en finansieel deur die gemeente ondersteun word. Besoek gerus www.stellenberg.co.za vir meer inligting oor ons sendelinge.

## EREDIENSTE

| | | | 19 Januarie | | 26 Januarie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Breytenbach | 4 | Ds. Potgieter | 1 |
| 09:00 | Kleinsaal | Familiediens | Ds. Potgieter | 6 | Ds. Ackerman | 8 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Graad 1's en ouers | - | Kleuters en ouers | - |
| 18:00 | Kerk | Relevant | Ds. Ackerman | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Breytenbach | 11 | Ds. Visagie | 12 |

## KATEGESE-REGISTRASIE 2020

Almal moet registreer, al het jy voorheen by dioe kategese ingeskakel. 'n Inligtings-pamflet met volledige besonderhede oor vanoggend se registrasie is in die bulletin. Daar is ook 'n aanlynregistrasie-opsie op www.stellenberg.co.za beskikbaar. Voltooi 'n aparte aanlynvorm vir elke kind en dui asb. aan of jy herregistreer, vir die eerste keer registreer en of jy herregistreer en daar veranderinge in jou persoonlike besonderhede

## TIENDEMAANDINSAMELING 2019/20

Die tiendemaandinsameling strek vanaf Nov. 2019 tot 29 Feb. 2020. Ons mikpunt vir die insameling is R1 850 000. Sover is **R1 194 004** ingesamel. Ons is opreg dankbaar teenoor elke lidmaat wat bygedra het. Die tiendemaandinsameling word uitsluitlik vir die gemeente se werksaamhede aangewend. Bydraes kan tot einde Feb. via SnapScan, by die kerkkantoor, of elektronies oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik TIENDEMAAND as verwysing.

## JEUGDAGBOEK

- KATEGESE-REGISTRASIE: 19, 26 Januarie en 2 Februarie.
- ANNIBRAND JUNIOR: Kleingroepe begin amptelik op 26 Januarie om 09:55 tot 10:45.
- ANNIBRAND SENIOR: Kleingroep begin 26 Januarie.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Woensdagaande 19:00 in die jeuglokaal en Sondae na die aanddiens in die komiteekamer.

## NUWE LIDMATE

Hartlik welkom in Stellenberg-gemeente. Meld asb. na die erediens by die inligtingspunte buite die kerk of by die saalkompleks aan, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519. Ons wil julle graag persoonlik verwelkom.

## PLANTETAFEL VANOGGEND

Die Kweek-vir-die-Here-span bied vanoggend om 10:00 'n plantetafel onder die skadunet-afdakke aan. Neem gerus een van die waterslimplante in ruil vir 'n donasie. Die insameling is ten bate van Stellenberg se jeuguitreike.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Susanna Carolina Badenhorst, gebore 29/02/1924 en oorlede op 11/01/2020. Haar roudiens was op Vrydag 17 Januarie by Edelweiss. Sy was sedert 1980 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente en het die laaste jare in Edelweiss se versorgingseenheid tuisgegaan. Ons meegevoel met familie wat sy agterlaat.

## GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of WhatsApp jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die Bulletin en Samaritaan op jou selfoon te ontvang.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1-7: Registrasie in die grootsaal.

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Ons kom weer op 3 Februarie om 09:30 in die markplein byeen.

### WOLSKENKINGS

Die breigroep is steeds op soek na wolskenkings. Bruikbare afvalwol sal baie waardeer word. Die groep brei serpe, musse en truie vir die winteruitreike wat in die Junie-skoolvakansie plaasvind.

## VATVYF

Die Vatvyf-groep lui volgens tradisie die nuwe jaar weer met ’n heerlike vrugtefees in. Sluit op Woensdag 22 Januarie om 10:00 in die kleinsaal by ons aan. Toegang is gratis, maar bespreek asb. jou plek by die kerkkantoorontvangs (021 976 45119) voor Maandag 20 Januarie.

## BYBELSTUDIEGROEP VIR VROUE

Die Vrouebybelstudiegroep begin weer op Maandag 20 Januarie om 10:00 in die kleinsaal. Ons gaan die boek *Dancing with Camels,* deur Mike Burnard, behandel. Nuwe lede is baie welkom om in te skakel. Kontak Rita Robertson met enige navrae by 084 6404 183/rita@visualinternational.co.za.

## ONS BENODIG HULP . . .

Raak asb. betrokke om te verseker dat gemeente-aktiwiteite vlot sal verloop. Ons is afhanklik van lidmate se hulp by die volgende dienspunte:

- **Kafeteria- en teetuindiensbeurte** Sondagoggende na kerk. Tweeuur-diensbeurte roteer ses-weekliks. Meld by Lindy, lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519 aan.
- **Sekuriteitdiensbeurte** tydens eredienste. Diensbeurte is ongeveer sesweekliks. Meld by Lindy lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519 aan.
- **Kookspan**. Die span kom elke Donderdagoggend byeen om etes vir minderbevoorregtes, uitreike en liefdadigheidsprojekte te kook. Kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519 om jou hulp aan te bied.
- **Eredienswerkers** word veral by die oggend- en gesinsdienste benodig. Jy sal een keer per maand aan diens wees en is verantwoordelik vir die opneem van kollekte, die uitdeel van die nagmaal en die verwelkoming van lidmate. Meld by Odette, odette@stellenberg.co.za/ 021 976 4519 aan.

### EDELWEISS HUISBYEENKOMS

19 Jan. 18:00

Psalm 126: Tussen hartseer en hoera!

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Begin 23 Januarie om 15:00 en 15:45 uit Spreuke 13

*Om wysheid te hê en met wysheid op te tree.*

### ALMANAKKE

Teen Vrydag 24 Januarie sal daar weer almanakke by die kerkkantoor beskikbaar wees. Ons is besig om ekstra almanakke te laat druk.

### GEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

## DIE ROSSOUWS SÊ DANKIE

Mike Rossouw wil graag lidmate en leraars wat hom en sy kinders met die skielike heengaan van sy vrou, Janice Rossouw, ondersteun en bemoedig het, bedank. Die ondersteuning en omgee van medegelowiges het dié moeilike tydperk vir hulle meer draaglik gemaak.

## KLIPHEUWEL-KERSETE SÊ DANKIE

Die span betrokke by die organisering van 'n Kersete vir inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel is opreg dankbaar vir lidmate se betrokkenheid by en belangstelling in die projek. Die ete was 'n groot sukses en 'n Kersmaal is aan 420 mense bedien.

Om God se genade en sorg so prakties te demonstreer, is seker een van die beste maniere waarop Kersdag gevier kan word.

## EREDIENSTE IN STELLENBERG

- Oggenddiens om 09:00 in die kerk word in 'n informele styl saam met die Coram Deo-sanggroep aangebied en behels prediking en sang.
- Familiediens 09:00 in die kleinsaal vir ouers met voorskoolse en laerskoolkinders, met 'n ouderdomsgerigte boodskap.
- Meditatiewe diens 09:00 in die kapel met musiek, stilte, gebed, meditasie en 'n kort boodskap.
- Die jeugdiens, of Relevant, is om 18:00 in die kerk en die erediens se aanbiddingstyl is gerig op jongmense se behoeftes.
- Aanddiens om 19:00 in die kapel. Die erediens het 'n intieme atmosfeer met sang en prediking.

## STELLENBERG-KOSPROJEK

Die kosprojek lewer tans voedselhulp aan 20 gesinne in die omgewing en ondersteun ook gesinne wat deur BADISA en die Ruyterwacht Senior Sentrum bygestaan word. Bydraes van niebederfbare kositems moet asb. voor 28 Jan by die kerkkantoor afgegee word, of kontantbydraes kan per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing *KOSPROJEK* oorbetaal word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE